Verwysing: 20210820-5169
Lêerno.: 12/16/8/R
Navrae: C Davids

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Leerderondersteuning Kringbestuurders, Sel-diensbestuurders, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole, Hoofde van geregistreerde graad R-terreine en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: Uitnodiging vir die kursus Microsoft Partners in Learning (MS PiL) "ICT Skills for Teachers"

1. Die Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT)-opleidingsafdeling (Sentrum vir e-Innovasie), in samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) bied 'n aanlyn IKT-opleidingskursus vir WKOD-opvoeders dwarsdeur die provinsie aan. Raadpleeg Omsendbrief 0050/2016 van 26 November 2016.

2. Die kursus is daarop gemik om opvoeders te help om IKT-vaardighede te verbeter wat nodig is om aan gevorderde IKT-integrasiekursusse deel te neem wat 'n hoër vlak van IKT-vaardighede vereis.

3. Hierdie **100% aanlynopleidingsgeleentheid** is oop vir opvoeders wat nie 'n persoonlike rekenaarkursus kan bywoon nie, maar graag hul individuele rekenaarvaardighede wil verbeter.

3.1 Aanlynopleiding gee werkende opvoeders die geleentheid om hul vaardighede te ontwikkel en op hierdie manier hul individuele en professionele vaardighede te bereik. Die voordele van e-Leer, om net 'n paar te noem, sluit onder die volgende in:
- Verbeter die behoud van kennis (onthouvermoë)
- Pas makliker by druk skedules in
- Aangepaste leerervarings

4. **Benoembaarheid vir die kursus**

4.1 Die volgende opvoeders kom in aanmerking vir die kursus. Opvoeders wat–

- nog nie voorheen 'n rekenaarkursus in "ICT Skills for Teachers" voltooi het nie;
- verkieslik reeds die eerste stappe van woordverwerking aangeleer het;
- die integrasie van IKT in die kurrikulum na die volgende vlak sal neem; en
- in poste op die beheerliggaam dien.

4.2 Die volgende opvoeders kom NIE in aanmerking vir die kursus NIE. Opvoeders wat–

- vakke in Inligtingstegnologie en Rekenaartoepassingstegnologie aanbied;
- voorheen MS PiL voltooi het; en
- 'n International Computer Driving License (ICDL)/Internet en Computer Core Certification (IC3), Web Quest, Intel Teach Essentials of 'n Advanced Certificate in Education (IKT-gebaseer) voltooi het.

5. **Besonderhede oor die kursus**

5.1 Raadpleeg **Bylae A** vir besonderhede oor die kursus se inhoud.

5.2 Die kursus duur vanaf **13 September 2021 tot 19 November 2021**.

5.3 Die kursus is **NIE** vir **beginners NIE**.

5.4 Opleiding vind **AANLYN** plaas en **NIE deur persoonlike kontaksessies NIE**. 'n e-Fasiliteerder sal egter beskikbaar wees om deelnemers te ondersteun en hul take te evalueer.

5.5 Deelnemers werk teen hul eie tempo en het 'n maksimum van 40 uur om die kursus vanaf 13 September 2021 tot 19 November 2021 te voltooi.

5.6 Die verpligte 30 take wat suksesvol voltooi word, is gelyk aan 30 voortgesette ontwikkelingspunte. Sedert 01 Januarie 2017 is dit 'n vereiste om oor Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoedersregistrasienommers te beskik.

6. **Registrasie vir die kursus en bywoning**

6.1 Raadpleeg **Bylae B** vir die registrasie- en aansoekproses.

6.2 Besprekings wat laat ontvang word asook fakse sal **NIE** oorweeg word **NIE**.

6.3 Suksesvolle aansoekers sal per e-pos in kennis gestel word; dus is dit noodsaaklik om die korrekte persoonlike e-posadres te verskaf.

6.4 Indien deelnemers nie hulle verpligtinge nakom om die geborgde aanlynopleiding te voltooi nie, sal hul verantwoordelik gehou word vir die koste wat aangegaan is. Deelnemers se aanlyn teenwoordigheid word gemonitor en sal gebruik word om

bywoning te bevestig. Raadpleeg Interne Menslike Kapitaalontwikkelingminuut 0009/2008 van 15 Oktober 2008 betreffende die ontrekking van opleidingsintervensies.

7. Rig enige versoeke om bystand of navrae aan me. Ronwynne Rhoda by info.icttraining@westerncape.gov.za.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van onderrigpersoneel te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-08-24